## BOEKBESPREKING

HOWARD DU TOIT (RED.): *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse kerklied.* Inleidende bydraes. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel van Transvaal, 1983; 223pp., R12,25.

Gesien die skrale oes aan Afrikaanse literatuur oor die Himnologie tot dusver, sal 1983 onthou word as 'n jaar wat hierdie oes in 'n belangrike mate aangevul het. Vroeg vanjaar het prof. G. G. Cillié se omvattende werk, *Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan?* by die N.G. Kerk-Uitgewers in Kaapstad verskyn. In dieselfde jaar nog verskyn hierdie bundel opstelle oor die geskiedenis van die Protestantse kerklied.

In sy 'Verantwoording' stel die redakteur duidelik wat die opset van die bundel is: "Met die sestien bydraes in hierdie boek word nie soseer 'n diepte-ondersoek of omvattende werk beoog nie, maar word eerder 'n kort, kursoriese, oorsigtelike en inleidende geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse, liederbundels en kerkliedere gebied . . . Die publikasie is immers ook vir die nie-vakkundige en belangstellende lidmaat bedoel". Die bundel slaag in sy doel want die bydraes is almal in bevatlike taal geskryf en boonop is daar nog 'n kort verklaring van enkele musiekterme (p. 220-221) wat die bundel vir die belangstellende leser toeganklik maak.

Hiermee is die waarde van die boek egter nie uitgeput nie. Die lys van enkele aanbevole publikasies met die oog op verdere studie (p. 195-196) en die lys van ongepubliseerde verhandelinge oor die kerklied en kerkmusiek in die Afrikaanse kerke (p. 196-198) maak hierdie werk ook 'n waardevolle naslaanbron vir musiekstudente.

Die boek is opgebou uit twee hoofdele. Die eerste bevat 'n vyftal artikels onder die opskrif 'Voorgeskiedenis en Herkoms', nl. 'Die kerklied in Suid-Afrika, 1652-1800' (prof. G. G. Cillié), 'Die invoering en ontvangs van die bundel "Evangelische Gezangen" in Suid-Afrika' (Dr. Howard du Toit), 'Die vrye Bybelse lied naas die Psalms' (prof. A. C. Barnard), 'Die Hallelujabundel as vernuwingsbundel?' (ds. J. C. Carstens) en 'F. W. Jannash se bydrae tot die kerklied in Suid-Afrika' (prof. R. E. Otterman). Die tweede deel dra as opskrif 'Die Afrikaanse Protestantse kerklied'. Hieronder val elf bydraes van kundiges uit die drie Afrikaanse kerke (terloops: prof. Otterman van Stellenbosch is lid van die Lutherse Kerk — dit gaan dus hier inderdaad om die *Protestantse* kerklied). By wyse van bekendstelling van die bundel wil ek graag hier die titels en die skrywers van die onderskeie bydraes noem. Dr. Daan van Wyk skryf oor die beryming van die Psalms in Afrikaans, ds. W. E. H. Söhnge oor die psalmmelodieë van die 1937 Psalmberyming, prof. Hennie Coetzee oor die Skrifberyming van die Gereformeerde kerk, dr. Fritz Gaum oor 'n letterkundige beoordeling van die 1944-Gesangbundel en dr. Theresa van Niekerk oor 'n musikale beoordeling van die 1944-Gesangbundel. Dan volg artikels oor die Sionsgesange (ds. Lourens Strydom), die ontstaan van die kerksangbundel van 1978 (ds. Willie Serfontein, wat vroeg in Oktober ontslaap het en wie se nagedagtenis ons hier in herinnering wil roep), 'n kritiese waardering van die Psalmmelodieë van 1976-1978 (prof. Albert Troski), die Gesangmelodieë van 1978 (mnr. E. M. Conradie) die letterkundige aspek van die 1975-Gesangbundel (prof. C. van Heerden) en, ten slotte, die himnologiese betekenis van die 1978-Gesangbundel (ds. Strydom).

Die bundel bevat ook nog 'n persoonsregister, sakeregister, register van Psalms en Gesange en kort inligting oor die medewerkers.

Die artikels is deurgaans van hoë standaard, indringend van aard en oor die algemeen kan 'n mens daarmee saamstem. Hier en daar sou 'n mens vraagtekens wil plaas (bv. by sommige argumente van prof. Barnard) maar die bestek van hierdie resensie laat nie toe om verder daarop in te gaan nie. Die mate van oorvleueling van historiese gegewens wat in 'n bundel van hierdie opset moeilik vermy kan word, is minimaal en hinder nie.

Die bundel is deur die uitgewers netjies versorg. Daar is kwalik drie of vier drukfoute wat daarin voorkom. Die belangrikste vraag waarvoor die bundel ons plaas is of ons in ons Gereformeerde teologiese opleiding die himnologie, waar dit juis gaan om die kerksang as deel van die gebede, nie skromelik verwaarloos nie.

L.F.S

VELEMA, W. H.: *De rechtvaardiging van de straf*. In die reeks: Ethische Kommentaar. Amsterdam: Bolland. 138 bladsye. Prys: R8,96.

Die doel van hierdie studie is, volgens die skrywer, nie om 'n geskiedenis van die straf in die teologiese etiek of 'n uiteensetting van die jongste standpunte oor die straf in Nederland te gee nie maar om 'n bespreking te bied van 'n aantal Bybelse gegewens wat relevant is vir 'n etiese waardering van die straf.

Die eerste vraag wat deur die skrywer aan die orde gestel word, is die vraag na die verband tussen sonde en straf.

In die volgende hoofstuk kom vier modelle aan die beurt: die ordeningsteoloë uit die Lutherse rigting, Barth se Christosentriese benadering, die sosialisering van die straf by Kleinert en die subjektivering van die straf in die denke van Roscam Abbing.

Daarna volg 'n hoofstuk oor die reg omdat die wese, van die straf nie bepaal kan word as die samehang tussen straf en reg nie onder die oë gesien is nie. Hier word ook die uiters belangrike vraag na die verhouding tussen reg en sedelikheid behandel.

In die hoofstukke oor die wese van die straf word die vraag na die regverdiging van die straf uit vyf gesigspunte toegelig, naamlik dié van vergelding, algemene voorkoming, spesiale voorkoming, resosialisasie en versoening.

Die laaste hoofstuk is 'n kursoriese behandeling van die vraagstuk van die doodstraf.

Dit is 'n besonder verdienstelike werk hierdie. Daar is deeglike Skrifgronde aangevoer — maar waarom so min uit die Nuwe Testament? Die skrywer is goed op die hoogte van die jongste standpunte. Sy skryftrant is glashelder en sy standpunt suiwer. 'n Saamvattende bronnelys sou 'n waardevolle bydrae gewees het.

Ek wil hierdie boek van harte aanbeveel.

PROF. P. W. BUYS

J. VAN GENDEREN: *Verbond en Verkiezing*, Kok, Kampen, 1983, 103 pp. H. f. 16, 50.

In hierdie publikasie wat die verbondsteologie as sentrale tema het en die breër uitwerking van 'n rektorale rede (1981) asook enkele, feitlik ongewysigde radiovoordragte omvat, betoon die skrywer — wat dogmatikus aan die Theologische Hogeschool van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland is — hom weer eens as 'n betroubare en ingeligte gids deur 'n ingewikkelde probleemveld.

Deel 1 behandel wat die skrywer in sy „Woord vooraf" tereg as „een van de voornaamste punten" in die eeue-oue diskussie oor die verbondsteologie beskou, naamlik die verhouding van die verbond tot die uitverkiesing.

Dit is volgens die skrywer van die grootste belang dat die verbond en die uitverkiesing nie met mekaar saamval nie. Naas duidelike ooreenkomste tussen die twee mag ewe opvallende verskille nie vergeet word nie (p. 52-54). Juis dít is egter wat die skrywer in verskillende opvattings sien gebeur.

In 'n helder, kritiese ontleding van beskouings soos dié van C. Steenblok uit die Gereformeerde Gemeenten in Nederland en H. Hoeksema uit die V.S.A. toon die skrywer aan dat 'n sekere, abstrakte idee van verkiesing só 'n oorheersende uitgangspunt kan word dat die verbond binne 'n logistiese verkiesingsisteem ingewring word. Dan bly daar geen ruimte meer oor vir die skriftuurlike gedagte dat die verbondsbeloftes vir *alle* kinders van die gelowiges bedoel is nie. Daardie beloftes word dan alléén vir 'n sekere deel van die gemeente — naamlik dié groep wat die tekens van die uitverkiesing en die wedergeboorte in hulle self waarneem — gereserveer (p. 8-21).

Insiggewend, óók vir ons in Suid-Afrika, is die wyse waarop die skrywer voorts die leer van die veronderstelde wedergeboorte soos dit op voetspoor van Kuyper binne die Gereformeerde Kerken in Nederland geformuleer is, in hierdie verband ter sprake bring. Net soos in die geval van Steenblok c.s. gaan hierdie leer van 'n abstrakte verkiesingsidee uit en kom ook tot die konklusie dat die beloftes van die verbond in onvoorwaardelike sin alléén vir die uitverkorenes bestem is. Anders as by die ander opvatting is die veronderstelling hier egter dat alle gemeentelede wedergebore is, totdat die teendeel blyk (p. 21-32). Die skrywer toon oortuigend aan dat nòg Calvyn nòg die Belydenisskrifte enige steun vir só 'n benadering bied.

Die verhouding tussen verbond en verkiesing kan ook skeefgetrek word, wanneer 'n abstrakte verbondsidee só dominant word dat die uitverkiesingsleer as onderdeel van 'n verbondsisteem ingepas word. Dit gebeur inderdaad — soos die skrywer in 'n waardevolle ontléding (p. 33-44) uiteensit — by Barth en gedeeltelik onder sy invloed. ook by teoloë soos Berkhof, Küng, e.a. Hierdie standpunt loop daarop uit dat die mens nie meer soseer as sondaar gesien word nie maar dat die aksent val op „de alles overkoepelende wil van God om in Jezus Christus de God van mensen te zijn" (p. 57). Dit is duidelik in stryd met die prediking van die Skrif waarin die beloftes van die verbond steeds van 'n eis of oproep tot geloof en bekering vergesel word. Die bladsye wat aan die „samengaan van belofte en eis" gewy word, behoort tot die beste van hierdie boek én kan met groot vrug ook in verband met die hedendaagse stryd rondom die kinderdoop gelees word (p. 58-66).

In deel 2 word op die geskiedenis van die verbondsteologie en enkele hedendaagse verteenwoorders daarvan (soos Woelderink, Schilder, Barth en

Berkhof) ingegaan. Dit blyk dat die verbondsteologie in sy ontstaan ten nouste verband gehou het met die nuwe visie van die Reformasie op die Woord van God. Juis op hierdie punt was daar egter 'n afbuiging van die Reformatoriese lyn by die latere sistematikus van die verbondsteologie, Coccejus. Die skrywer bepleit 'n sterk aansluiting by die oorspronklike Reformasie, veral by Calvyn en Bullinger.

As geheel getuig die studie van 'n wye belesenheid op die betrokke terrein. Terselfdertyd word daarin geslaag om hierdie breë oriëntering met 'n bewonderenswaardige beknoptheid van weergawe te kombineer. Dit bring mee dat sommige vrae nie tot in dié diepte oopgeboor kan word as wat mens graag sou verlang nie. Die bydrae van Berkouwer (p. 32) sou byvoorbeeld meer aandag kan ontvang en die vergelyking tussen twee grotes soos Woelderink en Schilder (p. 82-87) is só stimulerend dat 'n hele studie sekerlik daaraan gewy kan word. Tog word hier in 'n betreklik kort bestek 'n kundige en gebalanseerde oorsig gebied. Dit verdien 'n wye leserkring.

Die werk is netjies uitgegee en tegnies goed versorg.

DR. P. P. KRUGER

PROF. D. CRAFFORD: *Aan God die Dank*, 1983 Deel I, 609 bls., prys R19,75. N.G. Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria.

Hierdie boek handel oor die geskiedenis van die sendingwerk van die N.G. Kerk in die R.S.A. Dit verskyn as 'n publikasie van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) van die Universiteit van Pretoria.

Die kronologiese volgorde van die verskyning van die twee dele van hierdie boek mag vir die leser verwarrend wees aangesien Deel II 'n jaar vroeër as deel I gepubliseer is. Dit hoef egter geen afbreuk te doen aan die waarde van Deel I wat hier onder bespreking is nie.

By die deurlees van hierdie werk tref dit 'n mens dat moeilik gehandel kan word oor die sendinggeskiedenis in die RSA sonder om kennis te neem van die reuse aandeel wat die NG Kerk daaraan gehad het. Dr. Crafford het ongetwyfeld aan die Sendingwetenskap 'n guns bewys deur 'n volledige beskrywing van hierdie werk te boek te stel. Dit bevat nie slegs behoorlik gesistematiseerde inligting oor wat gedoen is in verband met die uitdra van die Evangelie nie, maar ook die ontwikkeling van talle hulpdienste ontvang deeglike aandag. Dit geld ook die beskrywing van die ontwikkeling van teologiese opleiding vir inheemse bedienaars van die woord. Selfs die sendingmetodes wat die NG Kerk toegepas het word vir die Sendingwetenskaplike duidelik uit hierdie werk.

Die leser sal ook talle interessante en insiggewende gegewens daarin vind. Onder andere word die beskuldiging die nek ingeslaan dat die Voortrekkers in beginsel teen die sendingwerk gekant sou wees. (Vgl. p. 52).

*Aan God Die Dank, Deel I* kan met groot vrymoedigheid aanbeveel word vir die sendingwetenskaplike navorser sowel as vir lidmate veral van die NG Kerk wat belangstel in die geskiedenis van die sendingwerk in die RSA. Ook die uitgewer moet gelukgewens word met die vorm waarin die boek verskyn het en aangebied word.

L. J. BOTHA

RESENSIE

VENSTER OP DIE HUWELIK: *Openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde* 1982. *Wetenskaplike Bydraes* van die P.U. vir CHO. Reeks F3, Nr. 16.

'n Veertigtal skrywers het meegewerk aan hierdie baie diensbare versamelwerk van die IRS aan die PU vir CHO. Hulle skrywe van hart tot hart veral aan die jongmense van vandag. En hulle maak in hierdie oop gesprekke nie staat op status en titels nie, want selfs die geëerde, bejaarde en wêreldberoemde teoloog, prof. dr. J. H. Kroeze, skrywe gewoonweg as Jan Kroeze. Hy skrywe die "Voorwoord" oor "Wat sê die Bybel oor seksualiteit en die huwelik". Prof. Kroeze se verfynde woordkeuse waarmee hy konkreet oor hierdie saak skrywe is alom bekend vir sy boeke. Hier het ons sy indringende realisme in sakformaat.

Na die "Voorwoord" volg 17 artikels oor die verhouding van die twee geslagte *"Voor die Huwelik"*. Hierdie artikels staan vars en fris, vol begrip en wysheid, binne in die liefdeservaringe van jongmense op pad na die huwelik en handel oor: Sensasionele sieninge van seks en huwelik; die "andersheid" van homoseksualiteit; Saam woon?; Kommune-lewe; Christelike sleep; Verkeerde huweliksmotiewe; Halsoorkop keuses; Ander geloofsoortuiging; Ander kleur; Geskeide vrou trou?; Studentehuwelik? Het ons lief.; Verlowing?; Gemeenskap van goedere; In die kerk trou? Die bruilof; Ongetroud.

Die tweede afdeling, ook met 17 artikels, handel oor man en vrou: *"In die huwelik"*. Weer eens is dit nie bladsye vol algemeenhede waaroor al oor en oor bespiegel is nie, maar dié artikels handel oor vandag se dringende werklikhede in die huwelik. Aan dié orde kom: God se bedoeling met die huwelik; Seks — belangrik?; Probleme rondom egskeiding; Wedersydse begrip en liefhê van man en vrou; Diensplig; Geld; Geboortereëling; Gesinsvorming; Dood. Oor al die sake word met deernis en werklikheidsbesef geskrywe om die Christelike weg aan te dui.

Die laaste afdeling, 8 artikels, handel oor *Huweliksverryking*. Die temas spreek weer eens vir hulleself: Kom ons bou mekaar!; Praat jou hart uit met jou huweliksmaat!; Kom ons bestudeer die Bybel saam!; Kom ons bid saam!; Kom ons gaan saam kerk toe!; Kom ons ontspan saam!; Die huwelik — 'n fees!

Die eerste twee afdelings se opskrifte het byna elkeen 'n vraagteken, want dit gaan oor die kwelvrae. Maar in die laaste afdeling is rykdom en vervulling aan die orde. Daarom elke keer 'n uitroepteken.

Vrae, antwoorde, vervulling — só praat hierdie pragboek met wie jonk en wie ouer is, wat elkeen in die verhouding van die geslagte soos kinders van die Here, in die vreugde van sy gawes, met mekaar wil lewe.

Gee hierdie boek gerus as geskenk aan u self, u kinders, u ouers, u vriende. Daarmee gesels u met elkeen indringend oor sake wat baie werklik is in die lewe. En die gesels sal 'n geloofsgesprek wees.

JAN J. VAN DER WALT

D. KEMPFF: *Gewortel en Gegroei 1652-1806. Bestry en Bevestig 1806-1900.* Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F5: IBC 1982. Studies oor die inslag van die Calvinisme in SA, Nrs. 8, 9. R2,00 stuk.

Wat "Calvinisme" is, word nie duidelik gedefinieer nie. Dit kan of "Calvyn se leer en gees" (8, 3) of Nederlandse gereformeerdheid in die algemeen wees. Die skrywer gaan uit van "'n eie Calvinistiese loot" (8, 8) wat aan die Kaap wortel geskiet het. Die geestelike bodem (vgl predikante, onderwysers lektuur) het egter tot diep in die 19de eeu uitsluitend Nederlands gebly. Selfs daarna is "Calvinisme" vanuit Nederland gestruktureer, aangepas en ingedra (Kuyper, Vollenhoven, Dooyeweerd. ens). Dit is moeilik om te bepaal in hoeverre dit 'n "eie loot" was.

Die opset van die studies is oorwegend histories en nie tematies nie. Die oorsig oor die "volksplanting" is ook die oorsig oor die "Calvinisme". Dit is moeilik om aan te neem dat die presbiteriale kerkregering en Christokratiese bestuursvorm die opvatting bevorder dat die stem van die volk die stem van God is (8, 13). Indien Temas geanaliseer is, kon derglike tendense duideliker geword het.

Sommige stellings is interessant, maar aanvegbaar, bv. dat terwyl geen onderskeiding op grond van kleur of ras gemaak is nie en bloedvermenging voorgekom het. Estetiese faktore wat tot die praktyk van rasseskeiding gelei het (8,-7). Wat het dit met Calvinisme te doen en die dilemma: die offisiële Calvinistiese staat en kerk maak geen rasse-onderskeid nie — maar die volksgevoel ontwikkel afsonderlikheid. Kom die gevoel vir afsonderlikheid dan nie op uit aanpassing by en motivering deur mense realiteite en nie uit 'n -isme soos Calvinisme nie? Die skrywer se bronne oor die motiewe in vorige eeue is opvallend sekondêr en 20ste eeus.

Die aksent op rassistiese begrippe soos blank, nie-blank, swart en selfs "behoud van die Blankheid" (9, 40) het deurgaans teengeval. Ek meen dat dit eie is aan die politieke arena in die 20ste eeu en in die periode 1652-1900 op sigself 'n ondergeskikte rol speel tov die omvattende strewe na behoud van Afrikaanse identiteit, of "onze onafhanklikheid" soos Paul Kruger die refrein gedurig herhaal.

Om die "inslag van Calvinisme in SA" te bestudeer is nie maklik nie. Wat is jou bronne? Hoe analiseer jy dit? Gevolglik verbaas dit nie dat die twee publikasies eerder die geskiedenis van die Afrikaanse volk en Geref. Kerk vertel (9, 1 ev) en selfs op 'n enkele figuur soos Paul Kruger saamtrek (9, 15). Hulle waarde lê in hierdie oorsigtelike geskiedenisblik, 'n kaleidoskopie oor die ontstaangeskiedenis van die Afrikaanse volk, met beligting op geselekteerde momente.

Dit sou interessant gewees het as paralelle en verskille met die geskiedenis van die VSA aandag geniet het. Die Amerikaners se "Christelike" en Puriteinse inslag val buitestaanders op, gee aan hulle 'n identiteit wat vergelykbaar met dié van die Afrikaner (8, 31) is. Hulle sin vir vryheid is bekend. Ook die Amerikaners het hulle soos die Voortrekkers (9. 41) met die OT vereenselwig. (Ismael Amaya, in Evangelical Review of Theology 7, Nr. 1 April 1983, 18 ev). Miskien sal so 'n vergelykende studie help om te bepaal watter tendense aan "Calvinisme" en watter aan bepaalde Europese volkseienskappe en watter aan plaaslike omgewingsfaktore toegeskryf moet word.

BS

C. J. MALAN 1982: *Die leer aangaande God by Calvyn.* IRS. PU vir CHO .

Hierdie brosjure vermeld meer as dertig werke van verskillende skrywers wat oor die leer aangaande God by Calvyn handel. By die opstel daarvan is gebruik gemaak van D. Kempff se *A bibliography of Calviniana 1959-1974.* Sommige werke, veral Franse, word slegs vermeld. Ander word kortliks bespreek en dui die inhoud in elke hoofstuk aan. Die boekie van 38 bladsye is dus besonder waardevol vir navorsers wat oor die leer aangaande God of oor Calvyn handel.

P. W. BUYS 1983: *Luther, die Reformasie en ons (Rede gelewer by die aanvang van die akademiese jaar aan die PU vir CHO 8.2.83)).*

Prof B. bespreek die Wittenbergse Reformasie aan die hand van stryd op vier fronte: Rooms-Katolieke formalisme, wanneer geloof mera consensus met die kerkleer word; die spiritualisme van die Zwickauerprofete wat alle geleerdheid en wetenskap verdoem het; die humanisme van Erasmus en die revolusionisme van Münzer. Dit is waardevolle gesigspunte wat historiese diepte aan die Reformasie gee en tegelyk aktueel is omdat al die motiewe in die 20ste eeu aan momentum gewen het.

B.S.

KEMPFF, D. 1982 *Christianity and Scholarship 1900-1977: An international bibliography of books and articles on Christian scientific endeavour in the various sciences.* PU vir CHO: Potchefstroom; 291 ble, prys R10.

Dit is feitlik 'n onbegonne taak om 'n volledige resensie oor laasgenoemde publikasie te skryf en ek volstaan met nie veel meer as 'n boekaankondiging nie. Die skrywer het 26 subhoofde gekies — vanaf estetika tot tegnologie, teologie uitgesonderd — en daaronder dan verwys na Christelike bronnestudie op daardie terrein. Dit is duidelik dat hy wyd gelees en besondere opsporingsvernuf aan die dag gelê het. Volledigheid is in so 'n onderneming 'n bo-menslike taak maar ek meen dat die skrywer hom oor die algemeen baie goed van sy taak gekwyt het. Hy het sonder twyfel groot werk vir baie navorsers gespaar en terselfdertyd die wye veld van Christelike navorsing vir talle toeganklik gemaak.

Ons dank Dr. Kempff vir sy al hoe groter wordende bydrae tot ons bibliografiese studie. Die boek word hartlik aanbeveel.

JHvW

## TYDSKRIFOORSIG

THEOLOGIA EVANGELICA Maart 1983, Volume XVI, No 1. Uit die Fakulteit — Prof. D. J. Bosch bl. 2; Aanvegting en versekering van die geloof — Prof. Eberhard Jüngel bl. 4; Preaching in urban congregations — Prof. H. J. C. Pieterse bl. 21; Opmerkings oor die Bybel en gesag — Johan A. Burger bl. 29; Rising militarism in our country — Robert Clucas p. 34; Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament — E. H. Scheffler bl. 38; Eenheid, pluralisme en pluriformiteit — Dr. F. E. O'B. Geldenhuys bl. 53; Hoe om met 'n sekel te saai — J. Steyn bl. 60; In what sense are the Scriptures "free from error"? — Prof. B. Gaybba 68; Tendense en aksente in die geskiedenis van navorsing oor 2 Petrus en Judas — Prof Herman Lombard bl. 74; The Rechabites and "sippenethos" in Jer. 35 — H. L. Bosman bl. 83; Once again: what is mission? — Dr. Willem Saayman bl. 87;

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES Jaargang 38, Aflewering 2 & 3. Die Belydenis in historiese verband — A. D. Pont bl. 1; Die Belydenis in kerkregtelike verband —S. J. Botha bl. 30; Die Belydenis in hermeneutiese verband — A. P. B. Breytenbach bl. 45; Die Belydenis in dogmatiese verband — G. C. Velthuysen bl. 52; Die Belydenis en vernuwing of hernuwing — H. G. van der Westhuizen bl. 62; Johannes Calvyn en die leer van die uitverkiesing — A. D. Pont bl. 77; Calvin and Luther — W. H. Neuser bl. 89; Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk — A. D. Pont bl. 104; Uitgangspunte en temas in godsdienssosiologie — C. S Steenkamp bl. 136;

KOERS, Jaargang 47, Nr. 3 1982. Die Kerk en Geweld — P. H. Capp bl. 136; Neomarxisme — Kultuurkritiek tussen die mislukking van die revolusie in die Ooste en die versuim van die revolusie in die Weste — F. M. Kirsten bl. 149; The Christian voice in Philosophy — Stuart Fowler p. 166;

KOERS, Jaargang 47, Nr. 4. 1983: Statistiek as Christelike Wetenskap; F. C. Geertsema bl. 211;

THEOLOGIA EVANGELICA, Desember 1982 Volume XV, Nr. 3. Van die Redakteur bl. 2; Christusbeeld en kerkmodel in die Hebreërbrief — Prof. E. A. C. Pretorius bl. 3; Renaissance van die sosiologiese teksanalise — Dr. P. G. R. de Villiers bl. 19; Be filled with the Spirit of Love — Ds. H. I. Lederle p. 33; The mother archetype — Dr. T. D. Verryn p. 49; Summaries of Masters' and Doctors' theses p. 64.

THEOLOGIA EVANGELICA. November 1982, Volume XV, Nr. 2. Uit die Fakulteit — Prof. David J. Bosch bl. 2; Bybelinterpretasie en Ideologiekritiek — Prof. Ferdinand Deist bl 4; Some ethical implications of docetic tendencies in mainline christologies — Dr. L. D. Hulley p. 18; 'Reductionism' in studying religious phenomena — Prof. J. S. Krüger p. 26; Die nuwe dade van God — J. C. Schäfer bl. 31; A theology of anguish — David P. Whitelaw p. 38; Spanning: 'n basiese omskrywing uit 'n teologiese perspektief — Ds. Jan T. de Jongh van Arkel bl. 49; Jesus — the man — prof. B. Gaybba p. 53; Three christological model in third world theology — Dr. Bonganjalo Goba p. 60; Three tendencies in christology — Erasmus van Niekerk p. 68.

NED. GEREF. TEOLOGIESE TYDSKRIF, Deel XXIV Nr. 1, Januarie 1983. Van die Redaksie bl 1; Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys" — J. M. Gerber (Direkteur) bl. 2; Die waarde van die Persiese leenwoorde vir 'n

beter verstaan van die bronne van die Boeke Esra-Nehemia — prof. Charles Fensham bl. 5; Die verhouding van uitverkiesing tot bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls — Dr. J. C. Krüger bl. 15; Die pastoor in die kliniese pastoraat — Prof. J. D. G. van der Merwe bl. 32; Pastoraat as sinsbemiddeling — veral met die oog op die oorlogbeseerde — Dr. E. A. Erasmus bl. 47; Die huweliksproblematiek — Ds. S. F. van Huyssteen bl. 64; Opmerkings oor 'n Christelike etiek van die arbeid vir ons tyd — Prof. J. A. van Wyk bl. 72.

NED. GEREF. TEOLOGIESE TYDSKRIF Deel XXIV Nr. 2 Maart 1983. Korreksie bl. 117; Van die Redaksie bl. 118; The Christian Reformed Church in North America — Prof. J. H. Kromminga bl. 119; Regverdiging en geskiedenis — Dr. Theo Badenhorst bl. 125; Jeugevangelisasie — Dr. Malan Nel bl. 147; Godsdienssosiologie — 'n Bepaalde perspektief op die godsdiens tot nut van die teologie en die kerk — Ds. A. C. Swanepoel bl. 160; Eietydse verantwoording; Die regmatige plek van die ampte in die erediens — Dr. L. C. Dressel bl. 173.

THEOLOGIA VIATORUM, November 1982, J. 10, Nr. 2. Die Doel van Gemeenskap as diens aan die samelewing — E. C. D. Bruwer bl. 1; Bybelse Perspektiewe en Riglyne oor Gemeente en Gemeenskap — J. J. Burden bl. 8; Die Oer-christelike Gemeente as model van gemeenskap — C. F. A. Borchardt bl. 16; New possibilities for building up community in the congregation — T. Verryn p. 25; Gemeenskap in die verhouding tussen die Familie van N.G. Kerke — A. M Hofmeyer bl 33; Gods Woord en ons Politiek: 'n Skriftuurlike besinning na aanleiding van Ottawa 1982 — P. Bolink bl. 43; Christian Affiliation of the 1982 student-body on the campus of the University of the North — P. Bolink p. 51;

KOERS, jaargang 48 nr. 1, 1983. Was Calvyn 'n Calvinis? of was/is die calvinisme Calvyns, B. J. van der Walt, bl. 22; Die afbuiging van Calvyn se denke in die 17e eeu, L. F. Schulze, Bl. 30; Reflections on the renewed significance of Huguenot thought, Charles P. Marie, bl. 45; Die Plek en Taak van 'n Onderwysvereniging, W Postma, p. 54;.

THEOLOGIA EVANGELICA, Junie 1983, Volume XVI, No. 2. Van die Redakteur, bl. 2; Love of the enemy and the Church's task for peace, Prof Ulrich Luz, bl. 3; Job — antwoord of enigma? Prof. J. A. Loader, bl. 15; Merkers op die pad van die Lukas-navorsing, Prof. Isak du Plessis, bl. 32; Evangelism and social transformation, Prof. David J. Bosch, bl. 43; Norm and context in ethical decisionmaking: a perennial debate. Dr. Leonard D. Hulley, bl. 56; Resensies/Reviews, bl. 64.

NED. GEREF. TEOLOGIESE TYDSKRIF, Deel XXIV, Nr. 3, Junie 1983. Van die Redaksie, bl. 227; Die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap, Dr. P. G. R. de Villiers, Bl. 228; Die Siro-Efraimitiese oorlog en Jesaja — 'n historiese perspektief. Prof F. C. Fensham, bl. 237; Jesaja 7 : 1-9 : 6; 'n Woord vir (ons?) krisis. Prof. P. A. Verhoef, bl. 247; Die boek Joël: verleentheid of geleentheid? Prof. W. S. Prinsloo, bl. 255; Ps. 51 : 7 en erfsonde, H. L. Bosman, bl. 264; Resente tekstuele verwikkelinge in die Targumim, Dr. Johann Cook, bl. 272; Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Engelstalige Kerke in Suid-Afrika, Dr. C. S. Kotze, Bl. 278; Thomas S. Kuhn en die vraag na die herkoms van ons teologiese denkmodelle, Prof. Wentzel van Huyssteen, bl. 296; Die dankseggingsdiens, Dr. Howard du Toit, bl. 312; Die rol van "luister" in die pastorale gesprek, Dr. E. L. van Niekerk, bl. 331; "Final and fatal"? Prof. J. du Preez, bl. 338; Eietydse verantwoording; Prof. P.

J. Smith; Competence and performance in Discourse analysis, bl. 340; Boekbeskouing, bl. 346; Boekaankondiging, bl. 357.

JOURNAL OF THEOLOGY FOR SOUTHERN AFRICA, June 1983, No. 43. Editorial, bl 3; Reflections on the Mission Press in South Africa in the 19th and early 20th Centuries, Les Switzer, bl. 5; African Traditional Beliefs and Christianity, Jerry Mosala, bl. 15; Catholic Initiatives in the Africanization of Christianity, Patrick J. Furlong, bl. 25: Church Unity and political Diversity, Charles Villa-Vicencio, bl. 35; Bureaucracy in the Episcopal Trading in South Africa, T. D. Verryn, bl. 46; Bureaucracy in the Reformed Tradition in South Africa, H. J. C. Pieterse, bl. 55; Southern Africa today, on the Constitution: Theologians in Public life respond, bl. 65; Book Reviews, bl. 79 84; An Index of Articles, Authors, and books reviewed for the Journal of Theology for Southern Africa, Nos. 39-43, June 1982 — June 1983, bl. 85.

J. H. v. W.

## BOEKE ONTVANG

E. A. NIDA, J. P. LOUW, A. H. SNYMAN EN J. V. W. CRONJE: *Style and Discourse* —with special reference to the text of the Greek New Testament. 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 6215, Kaapstad. 19 blss. SB Geilitopaber R6,50 (Jvd).

J. A. DU RAND: *Beleef julle siekbed.* 'n Verkenning van die briewe van Johannes, N.G. Kerkboekhandel R7,95 (J.J.v.R.).

RED. J. H. H. DU TOIT: *Die geskiedenis van die Afrikaanse Protestandse lied.* N.G. Kerkboekhandel R12,25 (L.F.S.)

RED. W. S. VORSTER: *Church and Industry.* 1983. UNISA, Posbus 392, Pretoria. R8,40 (B.D.).

P. J. ROSSOUW: *Grondlyne van 'n pastorale model — Gerben Heitink, 1983* N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. R6,75.

## PUBLIKASIES VAN DIE IRS, PU VIR CHO, POTCHEFSTROOM

P. W. BUYS: *Luther, die Reformasie en Ons.* 15 bls.

J. CHAO: *Towards an evangelical theology in totalitarian Cultures, with special* reference to Socialist China, 20 bls.

B. DUVENAGE: *Beroep en Roeping.* 28 bls.

H. V. D. LAAN: *Communism in a Christian Perspective.* 93 bls. R4,50.

T.V.D. WALT: *Herdenking van die Hervorming.* Die stroomversnelljng van destyds en die stroomversnelling vandag. 12 bls.

J. H. VAN WYK: *Calvyn oor die Christelike Lewe.* 13 bls.

RED. B. J. v.d. WALT: *Venster op die gesin.* R10,00.

RED. B. J. v.d. WALT: *Maarten Luther 1483-1983*, 145 blss. SB R5,00.

## UOVS, BLOEMFONTEIN

E. P. J. KLEINHANS: *Die vrou en die amp in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* (Inougurele rede 1983). 38 bls.